

Beskrywing

Marine MgO[®] is 'n rumen/maag oplosbare bron van Magnesium en het 'n hoë biobeskikbaarheid vir die dier. Dit is afkomstig uit seewater en kan in beide herkouters en monogastriese diëte gebruik word as Magnesium bron.

Kenmerke

- Marine MgO bevat 55% Magnesium.
- Die Magnesium is tot 90% oplosbaar in die rumen/maag en dus beskikbaar vir die dier om te absorbeer.
- Dit is ongeveer 3x meer biobeskikbaar as kommersiële Magnesium Oksied en kan dus MgO vervang met 'n 3:1 verhouding.
- Klein deeltjiegrootte verhoog die opneembaarheid van Marine MgO.
- Rakleefyd is minimum 24 maande indien korrek gestoor word.
- Registrasie in ooreenstemming met Wet 36 van 1947:
⇒ **Marine MgO[®] - V 29165**

Herkouters

- Mg speel 'n baie belangrike rol in senuwee-, spier- en been metabolisme.
- ± 70% van Mg word in been gestoor en is moeilik beskikbaar vir die dier.
- Mg afkomstig van die voer is dus die hoof Mg bron wat deur die dier gebruik word.
- Mg speel 'n belangrike rol in die verhoging van rumen pH, dus kan Marine MgO help om rumen asidose te verminder.
- Mg word by volwasse herkouters slegs in die rumen geabsorbeer, dus is dit belangrik dat die Mg bron oplosbaar is in die rumen.
- Hoë K, Ca, Na en P vlakke in voer/weiding kan Mg absorpsie verminder.
- Diere wat Mg-tekorte ervaar, kan simptome soos "grass staggers", melkkoors, spierspasma, ens. toon.
- Aanbevole insluitingsvlakke van Marine MgO; 10 – 50 g/dier/dag



Monogastries

- Net soos by herkouters, speel Mg 'n belangrike rol in senuwee-, spier- en been metabolisme.
- Hoogproduserende sôe is geneig om hul Mg liggaamsreserwes uit te put en moet dit dus aangevul word via die dieët.
- Soos sôe ouer word, verlaag die Mg liggaamsreserwes en moet dit meer gereeld aangevul word.
- Mg speel 'n belangrike rol in ensiemvrystelling en -aksie, dus is optimale Mg vlakke in die voer belangrik.
- Aanbevole insluitingsvlakke van Marine MgO vir soë: 7 – 20 g Marine MgO/sog/dag.



Verpakking

- 15 kg sakke
- Fyn, liggrys poeier